

# As Wolraad die tyd terugdraai



'n Nederlandse antikwaar, Ricus Dullaert, het 'n erfstuk waarvan iemand hom vertel het, geïdentifiseer as 'n besondere 200 jaar oue staanhorlosie wat al ver in die wêreld gereis en 'n spesiale verwantskap met Suid-Afrikaanse geskiedenis het. **Deur Terésa Coetzee**

**A**s daar een ding is waaroor versamelaars van antiekware dit eens is, is dat jy vir elke 20 mense wat by jou aanklop met "iets besonders" uiteindelik gelukkig sal wees as jy een werklik besondere stuk of item kry.

Maar die hoop beskaam nooit. En dis waarom versamelaars keer op keer opgewonde raak wanneer iemand hulle nader oor iets wat hulle wil verkoop wat waardevol of seldsaam kan wees.

Só was dit ook met die Nederlander Ricus Dullaert toe hy 'n paar maande gelede by 'n antiekmark in Sandton van sy antiekware uitgestal het.

'n Suid-Afrikaanse vrou van Pretoria het hom effe huiwerig by sy stalletjie genader en hom eers uitgevra oor sy versameling, belangstelling en agtergrond, en later begin vertel van 'n ou staanhorlosie wat sy by haar oorlede pa geërf het ...

Dis waar versamelaars soos Ricus dan moet besluit of hulle die kans gaan waag, of nie.

"Ek was onmiddellik geïnteresseerd in die horlosie," onthou Ricus. "Dit het dadelik geklink asof dit 'n ongelooflik seldsame stuk is, veral omdat die vrou vertel het haar pa, wat destyds by die vooraanstaande Oxford-universiteit gestudeer het en moontlik van adellike afkoms was, die horlosie voor die Tweede Wêreldoorlog op 'n veiling in Londen gekoop het. Daarby word die heldeverhaal van Wolraad Woltemade op die horlosie se wysersplaat uitgebeeld.

"Hy het die horlosie saamgebring na Suid-Afrika toe hy hierheen geïmmigreer het en dit het al die jare in die familie gebly," sê Ricus.

Die volgende week is Ricus saam met die vrou na hul ou familieplaas in Naamboomspruit. Daar het die horlosie vir 51 jaar lank gestaan en dit was taamlik verwaarloos. Maar die oomblik toe Ricus se hande oor die soliede okkerneuthout vryf en hy die geskiedenis van die horlosie lees wat op 'n papier in die binnekant van die houtkas geskryf is, het 'n baie unieke verhaal voor hom begin afspeel. En hy het daar en dan totaal verlief geraak op die pragtige staanhorlosie.

Heel toevallig is 'n deel van die storie bekend aan die meeste van ons – die heldeverhaal van Wolraad Woltemade, wat 14 mans op 1 Junie 1773 van die sinkende skip De Jonge Thomas gered het. Voor 1 Junie was die 65-jarige Wolraad 'n doodgewone vee-oppasser by die Kasteel in Kaapstad, of dalk 'n melkboer, soos sommige bronne na hom verwys. Tot vandag toe is hy een van die bekendste helde van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Die skip De Jonge Thomas was saam met ses ander skepe van Texel in Holland na Batavia op pad waar hulle sou gaan handel dryf en veral kruie en speserye sou gaan koop. Hulle het by die Kaap de Goede Hoop anker gegooi om nuwe voorraad op te neem en terwyl die skip in Tafelbaai geanker was, het daar op 1 Junie 'n verskriklike storm losgebars. Aan boord was 205 bemanningslede en 14 kiste geld waarmee hulle sou gaan handel dryf in Batavia.

Weens die verskriklike storm het die skip reg in die middel geknak en dit was besig om te sink, maar die goewerneur van Kaapstad, baron Plettenberg, het geweier dat enigiemand op die strand kom uit vrees dat die kiste met geld sou uit-



**Die vrou van Pretoria se pa was beslis nie die eerste eienaar nie, hy was bloot net nog een van die gelukkige tussengangers wat 'n tydjie met hierdie spesiale stuk kon deel.**



spoel en wegdraak. Daar is 'n kennisgewing uitgereik dat enigiemand wat sy voete op die strand sit, net daar aan 'n galg gehang sou word.

Maar Wolraad het ondanks die goewerneur se dreigemente besluit om sy eie lewe te waag om van die bemanningslede op die skip te gaan red. Met sy perd het hy die see ingery en twee manne op 'n slag gered. Later was hy so moeg dat sy eie seun op die strand hom verbied het om weer te gaan, maar Wolraad het besluit om net nog een keer terug te gaan ... Daardie laaste heldhaftige poging het sy lewe gekos.

Van die 205 mans aan boord het 138 verdrink en net 67 oorleef.

Kort daarna het die nuus van die tragedie die Here Sewentien in Holland bereik en die baron is onmiddellik ontslaan. Later het die verhaal die verbeelding van soveel mense aangegryp dat boeke daaroor geskryf is en spesiale kunswerke is daarvoor gemaak.

In hierdie tyd is die ets gemaak wat op die staanhorlosie voorkom – die hele verhaal soos dit volgens vertelling afgespeel het. Met Tafelberg in die agtergrond, die onstuimige see en Wolraad op sy perd. Die titel van die ets is *Gezicht op Kaap de Goede Hoop met de Held Woltemade en het schip De Jonge Thomas. (1775)*.

Die kunstenaar was die Amsterdamse ontwerper en koperetser Nicolaas van Frankendaal (1720 - 1791).

"Die opdrag het beslis gekom van iemand wat betrokke was by die Verenigde Oos-Indiese Compagnie of selfs van iemand wat 'n spesifieke verbintenis gehad het met Wolraad Woltemade se verhaal, een van die bemanningslede of selfs van die goewerment," sê Ricus. "En dit is juis wat hierdie horlosie spesiaal maak. Die feit dat dit 'n storie het."

Die vrou van Pretoria se pa was beslis



**Ricus is ook deelyds 'n pastoor en deesdae werk hy nege maande van die jaar hier in Suid-Afrika by die Nazareth House waar 2 000 hawelose Zimbabwiese vigslyers bly.**



nie die eerste eienaar nie, hy was bloot net nog een van die gelukkige tussengangers wat 'n tydjie met hierdie spesiale stuk kon deel. Net soos wat Ricus dalk ook net 'n tussenganger is wat gelukkig genoeg is om die horlosie se skoonheid opnuut te beleef. Die horlosie gaan binnekort op die jaarlikse nasionale antiekware-en-dekoratiewe kunste-mark te sien wees.

Die horlosie self is in 'n seldsame Amsterdam-staanhorlosiekas en is 288 cm hoog, 55 cm wyd en 34 cm diep. Dit is tussen 1775 en 1780 deur Douwe de Vries in Amsterdam gemaak.

Ironies genoeg woon Ricus in 'n oerhuis in Amsterdam en hierdie staanhorlosies was oorspronklik vir hierdie huise met hul hoë plafonne gebou.

"Hoewel die horlosie te koop aangebied gaan word op die antiekmark, sal ek dit slegs aan iemand verkoop wat werklik hierdie soort stuk sal kan waardeer. Ek sien dit nogal in 'n plek soos Groot Constantia of Boschendal," sê Ricus.

Sy belangstelling in oudhede en antiekware het eintlik jare gelede by sy ouma begin wat altyd besig was om ou goed te koop en verkoop. Ricus is ook deelyds 'n leke-pastoor en deesdae werk hy nege maande van die jaar hier in Suid-Afrika by Nazareth House in Yeoville waar 2 000 hawelose Zimbabwiese vigslyers medisyne kry.

Maar sy passie bly mooi ou goed. Soos hierdie staanhorlosie wat meer as 200 jaar oud is. En as dit behoue bly ... wie weet wat daar oor nog 200 jaar dalk oor die horlosie geskryf gaan word.

## Wat | Waar

Die nasionale antiekware-en-dekoratiewe kunste-mark word van 23 tot 25 Julie 2010 in die Sandton-konvensiesentrum in Sandton gehou.